5. Josef maak hom aan sy broers bekend

Genesis 44: 1 - 50: 26

God werk deur geslagte heen

In geloof kan Jakob sien wat in die toekoms gaan gebeur. Sy seuns is die stamvaders van die twaalf stamme van Israël. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God ken die ongeregtigheid van die mens.
- Te midde van moeilike omstandighede bewaar God sy volk.
- God laat sy uitverkore kinders groei tot 'n groot volk.

Josef se silwerbeker

Die broers is nie ver nie, toe hulle agterkom hulle word agtervolg. Toe die agtervolger naby kom, sien die broers dat dit Josef se opsigter is. Wanneer hy by hulle kom, is hulle verstom om te hoor wat hy sê. Hy wil weet waarom hulle Josef se silwerbeker gesteel het. Hy het hulle so goed behandel en kyk nou wat doen hulle. Hulle vergeld kwaad vir goed. Hulle begryp dit nie. Die opsigter weet tog self dat hulle die geld wat hulle die vorige keer in hul sakke gevind het, teruggebring het? Die opsigter kan hulle gerus deursoek. As hy die beker by een van hulle kry, moet daardie een sterf en hulle sal almal Josef se slawe wees.

Die opsigter laat hom nie van stryk bring nie. As hulle nie wil erken dat hulle die beker geneem het nie, is hy verplig om hulle te deursoek. Hulle haal dadelik hul sakke van die esels af en maak dit oop. Die opsigter begin by die oudste en deursoek hul sakke op die ry af. Hoe verder hy gaan, hoe blyer word hulle. Hy sal niks kry nie. Dan kom hy by Benjamin. Hy voel in sy sak tussen die koring rond en haal Josef se beker uit. Hy het geweet die beker moet daar wees. Hy het dit dan self op Josef se bevel daarin gesit.

Benjamin en sy broers is onbewus van wat hy gedoen het. Hulle almal moet nou slawe word en Benjamin moet sterf. Hulle is so hartseer dat hulle hul klere skeur. Elkeen laai weer sy esel en hulle gaan saam met die opsigter terug.

Die broers pleit by Josef

Toe hulle by Josef kom, val hulle voor hom op die grond neer. Josef vra vir hulle hoe hulle so 'n ding kon doen. Hulle moes tog geweet het dat hy dit sou uitvind. Juda antwoord dat God die ongeregtigheid van hulle uitgevind het. Hy dink aan die onreg wat hulle Josef aangedoen het. Min weet hy dat dit Josef is wat hier voor hom staan. In sy hart voel Josef bly dat hulle nou uiteindelik hul sonde erken en besef dat God hulle nou daarvoor straf.

Juda stel voor dat hulle almal Josef se slawe moet wees, ook Benjamin. Dit wil Josef nie hê nie. Hy sal nooit so onregverdig optree nie. Hulle kan gerus maar trek, net Benjamin moet as sy slaaf agterbly, want hy is die skuldige. Dan pleit Juda vir Benjamin. Hulle ou vader is baie geheg aan Benjamin, want hy is al seun wat nog leef van die twee seuns wat hy by Ragel gehad het. As hulle sonder Benjamin in Kanaan aankom, sal hul pa sterf. Hy sal liewer in die plek van Benjamin agterbly. Juda tree op as borg vir Benjamin. Net so sou Jesus Christus, 'n Man uit die nageslag van Juda, baie eeue later as Borg intree vir sondige mense.[12] Juda se optrede wys heen na die koms van Christus.

Josef stel homself bekend

Josef kan nie meer langer stilbly nie. Hy het sy broers deeglik getoets en sien dat hulle harte verander het. Hulle laat nie vir Benjamin in die steek soos wat hulle hom destyds in die steek gelaat het nie. Hulle is nou ook baie liewer vir hul pa. Hy gaan vir hulle sê wie hy is, maar eers moet al sy Egiptiese hofdienaars die vertrek verlaat. Hy wil alleen by hulle wees. Toe almal uit is, sê hy vir hulle in hul eie taal: "Ek is Josef! Leef my vader nog?" Terselfdertyd bars hy in trane uit en huil hardop. Die broers is so verstom dat hulle nie 'n woord kan praat nie. Hulle kan hul ore nie glo nie. Die man praat hul eie taal. Hy roep hulle nader en verduidelik aan hulle dat hy hul broer Josef is wat hulle destyds verkoop het. Hulle hoef nie bang te wees nie. "Kyk," sê hy vir hulle, "om lewens te behou, het God my voor julle uit gestuur."

Twee jare van hongersnood is nou verby en daar lê nog vyf jaar voor. God het dit so beskik dat hy na Egipte moes kom om vir hulle te sorg, anders sal hulle almal van honger omkom. Hulle moet dadelik huis toe gaan en hul vader en al hul mense gaan haal. Hulle kan in Gosen gaan

12 Heb. 7: 22 in sover het Jesus van 'n beter verbond borg geword.

woon en hy sal hulle daar versorg. Dan val hy hulle die een na die ander – Benjamin eerste – om die nek en soen hulle, terwyl hulle almal hartstogtelik huil.

Farao het intussen gehoor wat gebeur het en hy help vir Josef om sy familie na Egipte te bring. Sy broers moet hul vader en huisgesinne gaan haal en hy sal vir hulle die beste deel van Egipte gee om in te woon. Hulle kry ook Egiptiese waens om hul vroue en kinders en hul pa mee te vervoer. Hulle moet nie bekommerd wees as hul nie al hul meubels kan vervoer nie. Hy sal vir hulle die beste in Egipteland gee. Josef gee verder vir hulle elkeen 'n nuwe stel klere. Benjamin kry selfs vyf stelle en nog driehonderd sikkels silwer. Vir sy pa stuur Josef 'n klomp produkte uit Egipte, selfs padkos vir sy reis na Egipte.

Voor hulle vertrek waarsku Josef sy broers om nie mekaar te verwyt of te baklei op pad huis toe nie. Hy is bang hulle sal mekaar beskuldig oor wie nou eintlik verkeerd teenoor hom opgetree het. Uit dit wat verkeerd was, laat die Here die goeie voortspruit.

Jakob besluit om na Egipte te gaan

Die elf broers kom in Kanaan aan en hulle vertel vir Jakob dat Josef nog lewe. Die nuus is vir Jakob te goed om waar te wees. Dit voel vir hom of sy hart wil gaan staan. Hoe kan dit tog moontlik wees? Hy het dan al die jare geglo dat 'n wilde dier Josef verskeur het. Nee, dit kan nie waar wees nie! Maar as sy seuns hom vertel wat Josef gesê het en hy sien die waens wat Josef gestuur het om hom te kom haal, kom daar lewe in sy gees. Dan is dit tog waar. Sy seun Josef leef en hy sal hom sien voor hy sterf.

In Hebron, die plek waar Jakob woon, is Jakob besig om al sy besittings op te pak en op die waens wat van Egipte gestuur is, te laai. Gou is die trek op pad suidwaarts. Altesaam is daar 66 van Jakob se nageslag, kinders en kleinkinders, in die trek. Dit sluit nie die vroue van Jakob se elf seuns in nie. Na 'n paar dae kom hulle by Berseba aan. Hier het Isak, Jakob se pa, gewoon en vir die Here 'n altaar gebou.[13] Net soos sy pa offer Jakob ook aan die Here, moontlik op die altaar wat sy vader gebou het.

Een vraag moes seker in Jakob se gedagtes gekom het: die Here het die land Kanaan aan hom en sy nageslag belowe en nou trek hy weg van Kanaan af.

13 Gen. 26: 25 Toe bou hy daar 'n altaar, en hy het die Naam van die HERE aangeroep en daar sy tent opgeslaan; en die dienaars van Isak het daar 'n put gegrawe.

Doen hy nie miskien verkeerd nie? Daardie nag verskyn God aan hom in 'n gesig en stel hom gerus. Hy moenie bang wees om na Egipte te gaan nie. Die Here sal met hom wees en hom daar 'n groot nasie maak.

Aankoms in Egipte

Toe hulle naby Egipte kom, stuur Jakob vir Juda vooruit na Josef toe om vir hulle die plek aan te wys waar hulle kan woon. Josef span dadelik sy wa in en trek na sy pa toe. Hartroerend is die ontmoeting tussen pa en seun. Hulle omhels mekaar lank en huil van blydskap. Jakob roep uit: "Nou kan ek sterwe nadat ek jou aangesig gesien het, dat jy nog leef!"

Farao moet nog toestemming gee dat Josef se familie in Gosen gaan woon. Farao het wel belowe dat hulle in die beste deel van Egipte kan kom woon, maar die presiese plek het hy nie vasgestel nie. Josef neem vyf van sy broers saam met hom om met Farao te gaan praat. Hy waarsku hulle om te beklemtoon dat hulle veeboere is. Hy weet dat hulle toegelaat sal word om in Gosen (later Raämses genoem) te woon. Hierdie streek is afgesonder en die Egiptenaars het nie kontak met die herders wat daar woon nie. Hulle het 'n afsku gehad van veeboere, aangesien hulle nie daarvan gehou het dat hulle hul vee, wat as heilig beskou is, slag nie. As Farao hoor dat hulle veeboere is, gee hy toestemming dat hulle in Gosen woon.

Die Here sorg deur die optrede dat die afstammelinge van Jakob, die Israeliete, in Egipte tot 'n groot volk kan groei, sonder die gevaar dat hulle met die heidense nasies sal vermeng. Jakob word ook deur Farao ontvang. Op sy vraag deel Jakob hom mee dat hy 130 jaar oud is. Hy het baie swaar in sy lewe gehad en sal seker nie so oud word soos sy voorouers nie. Toe Jakob vertrek, groet hy Farao met 'n seënwens.

Josef se maatreëls tydens die hongersnood

Josef gaan voort met sy werk as onderkoning. Die hongersnood word al hoe erger. Eers koop die Egiptenaars koring by Josef met geld. Toe hul geld opraak, betaal hulle met vee en toe die vee opraak, betaal hulle met grond en uiteindelik gee hulle hulself as slawe vir Farao. So word die Egiptenaars slawe van Farao en behoort hul grond en vee ook aan die koning.

Net die Egiptiese priesters word nie slawe nie en hulle behou hul grond. Die Farao van Egipte word 'n magtige koning. Al die grond behoort aan hom en al die Egiptenaars is sy slawe. Dit het hy alles aan Josef te danke. Josef

sorg ook nog verder vir Farao se toekoms. Hy gee aan die Egiptenaars saadkoring wat hulle op die landerye kan saai, maar omdat die lande nie meer aan hulle behoort nie, moet hulle 'n vyfde van die oes aan Farao betaal.

Jakob seën sy seuns

Jakob woon nog 17 jaar in Egipte. Hy voel dat sy einde nou naby is en hy laat Josef roep. Josef belowe onder eed dat hy Jakob by sy vaders in die spelonk van Magpela in Kanaan sal begrawe. Josef het sy twee seuns, Manasse en Efraim, met hom saamgebring. Jakob neem hulle aan as sy eie seuns en seën hulle deur sy hande op hulle te lê. Josef sien dat hy sy hande kruis, sodat sy regterhand op Efraim rus. Omdat Jakob se oë al baie swak is, dink Josef dat sy vader 'n fout maak en wil hy hom reghelp, aangesien Manasse die oudste is en die regterhand eintlik op hom moet rus. Jakob is egter bewus daarvan, hy kruis juis sy hande aangesien Efraim se nageslag groter sal wees as die nageslag van Manasse.

So lei die Gees van God Jakob om in die verre toekoms te sien. Dit geld ook vir al Jakob se seuns as hy profeteer wat in die toekoms met elkeen sal gebeur en so ook met die volk Israel. Jakob begin by die oudste, Ruben. Hy kan nie aan hom die seën van die eersgeborene gee nie, want Ruben het gemeenskap met Jakob se vrou Bilha gehad.[14] Die gevolg hiervan is dat sy stam in die latere geskiedenis van Israel min invloed sal uitoefen. Die stam van Ruben sal later afgesonder woon in die suide van die Oos-Jordaanland.

Simeon en Levi is manne wat nie weet hoe om hul humeur te beteuel nie, soos blyk uit hul optrede teen Sigem. Jakob het 'n afkeer daarvan. Hy sê aan hulle dat hulle sal verdeel en verstrooi raak. Die stam van Simeon het later in Juda opgegaan tussen wie hulle gewoon het.[15] Levi is ook verstrooi onder Israel, hulle kry geen erfdeel nie. Na hul optrede by die sonde van die volk met die goue kalf verkry hulle egter 'n ereplek,[16] want hulle is afgesonder om die dienswerk van die tabernakel te verrig.[17]

---

14 Gen. 35: 22 En terwyl Israel in dié land woon, het Ruben gegaan en met Bilha, sy vader se byvrou, gemeenskap gehad. En Israel het dit gehoor. En die seuns van Jakob was twaalf.

15 1 Kron. 4: 27 En Símeï het sestien seuns en ses dogters gehad; maar sy broers het nie baie seuns gehad nie; en hulle hele geslag het nie so vermeerder soos die seuns van Juda nie.

16 Ex. 32: 26 ...het Moses in die poort van die laer gaan staan en gesê: Wie vír die HERE is, kom na my toe! Toe het al die seuns van Levi by hom versamel.

17 Jos. 13: 14 Net aan die stam van Levi het hy geen erfdeel gegee nie: die vuuroffers van die HERE, die God van Israel, dit is sy erfdeel, soos Hy hom beloof het.

Die seën wat Juda ontvang, is baie belangrik. In sy toekomsblik sien Jakob dat Juda magtig sal word en soos 'n jong leeu sy vyande sal oorwin. Hy sal oor sy broers heers en sy heerskappy sal duur tot Silo kom. Aan Silo sal die volk gehoorsaam wees. Silo verwys na die Messias, Jesus Christus. Jakob voorspel dat die Messias uit die nageslag van Juda gebore sal word. Dan sal al die geslagte van die aarde in Abraham geseën word, want die Messias sal die Verlosser vir alle mense wees.[18]

Jakob vergelyk van sy seuns met diere. Issaskar is 'n esel, die een wat ander se werk moet help verrig. Die stam van Issaskar woon in die vlakte van Jisreël, waardeur die handelsroete van Babilonië na Egipte loop. Deur goed te vervoer sou hulle vir die ander stamme tot diens wees. Dan word vergelyk met 'n slang. Simson sou later uit sy stam gebore word. Naftali word weer vergelyk met 'n wildsbok en Benjamin met 'n wolf wat verskeur. Josef word vergelyk met 'n jong vrugteboom. Hy is Jakob se lieflingseun en sal deur God staande gehou word. Van Sebulon word alleen gesê waar hy sal woon, by die see. Ook Aser, met sy koninklike lekkernye, lê naby die see. Van Gad word voorspel dat hy oorlog sal voer en oorwin. Jefta wat later as rigter sou optree, is uit die stam van Gad afkomstig.[19]

Dood en begrafnis van Jakob

Nadat Jakob sy seuns geseën het, laat hy hulle weer belowe dat hulle hom in die spelonk van Magpela sal begrawe, waar Abraham en Sara, Isak en Rebekka asook Lea begrawe is. Daarna sterf Jakob in 147-jarige ouderdom. Josef gee aan die Egiptiese geneeshere opdrag om Jakob se liggaam te balsem. Dit duur 40 dae. Die hele Egipte rou 70 dae lank saam met die Israeliete oor Jakob. Hierin sien mens die hoë agting wat die Egiptenaars vir Jakob het. Vir 'n koning het hulle net twee dae langer gerou.

Na die routydperk afgehandel is, ontvang Josef van Farao verlof om sy vader te gaan begrawe soos hy en sy broers belowe het. 'n Groot aantal mense, bestaande uit familielede en Egiptenaars, trek na Kanaan en begrawe Jakob by sy vaders in die spelonk van Magpela.

Na die begrafnis van Jakob is Josef se broers bang dat hy hom nou op hulle sal wreek. Hulle stuur vir hom 'n boodskap dat Jakob voor sy dood gevra

18 Gen. 12: 3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

19 Rig. 11: 11 So het Jefta dan met die oudstes van Gílead saamgegaan, en die volk het hom as hoof en aanvoerder oor hulle aangestel, en Jefta het al sy woorde voor die aangesig van die HERE in Mispa gespreek.

het dat hy hulle moet vergewe. Josef huil toe hy hierdie boodskap kry. Hy sien alles as die beskikking van God. Deur sy koms na Egipte is sy volk nie alleen gered nie, maar kon hulle in Egipteland tot 'n groot volk groei.

Dood van Josef

Josef glo ook vas in die belofte van God dat Israel nog in die land Kanaan sal gaan woon. Daarom laat hy sy broers belowe dat wanneer hulle Kanaan toe trek, hulle sy bene moet saamneem en dit daar begrawe. Hy het nie 'n Egiptenaar geword nie en wil in die beloofde land begrawe word. Josef sterf toe hy 110 jaar oud is. Weens sy hoë posisie word sy liggaam gebalsem en voorlopig in Egipte begrawe.

Na Josef se dood voel die kinders van Israel verlate. Josef kan nie meer vir hulle sorg nie. Josef het dit besef en het hulle daarom probeer troos deur te sê dat God hulle beslis nie sal vergeet nie en hulle uit Egipte sal laat optrek na die land wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob beloof het. As teken van sy vaste geloof dat dit sal gebeur, laat hy sy broers belowe dat hulle sy bene uit Egipte na Kanaan sal saamneem wanneer hulle daarheen trek. Met die uittog uit Egipte sou hulle Josef se versoek inwillig.[20]

20 Ex. 13: 19 En Moses het die gebeente van Josef met hom saamgeneem; want hy het die kinders van Israel plegtig laat sweer en gesê: God sal eindelik op julle ag gee; bring dan my gebeente saam met julle hiervandaan op.

Aanbevole leesstukke

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 173 – 185 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 88 – 93 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 127 – 137 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 180 – 191 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 1: Genesis – Josua. Pretoria: Sola Scriptura Instituut. 73 – 76 p.